


GEBED MET

Resultate



Stephen Smith

Hoofstuk 1

DIE WOORD EN JOU GEBEDSLEWE

Ons Reg tot Beantwoorde Gebed is Beskikbaar gestel Deur die Vergieting van Jesus se Bloed

"...The earnest (heart-felt, continued) prayer of a righteous man makes tremendous power available – dynamic in its working."

Jakobus 5:16, Amplified

GEBED BEWERKSTELLIG KRAG

God het ons op so 'n wyse geskape dat ons nodig het om die doel en voordele van iets te weet alvorens ons gemotiveer gaan word om daarvoor te werk. Christene glo nie regtig dat gebed krag bewerkstellig nie OF dat as ons vra, ons kan ontvang nie. As gevolg daarvan, is ons nie meer gemotiveer as ons bid nie. Al hou ons nie daarvan nie, is dit nie maklik vir ons om te verander nie. As ons die voordele van gebed besef het, sou ons lankal begin bid het.

Motivering werk op die basis van begeerte. Vir iemand om te bid, moet hy eers leer om gebed te begeer. Om te kan bid soos die Woord verlang, moet hy 'n groot begeerte ontwikkel om te bid.

Hoe kan jy 'n groot begeerte om te bid ontwikkel? Jy moet die ewige en wêreldse voordele van gebed insien. As ons in die Bybel kyk, sien ons verskeie voorbeelde van kragtige gebed. In Moses sien ons 'n man wat krag in gebed gehad het. Hy kon met outoriteit spreek, nie net tot die vyande van God nie, maar ook God se mense. Hoe het Moses sy gebedskrag ontwikkel? Moses het 'n lewe van gebed ontwikkel.

Josua het die magtige hand van God gesien werk deur sy lewe en bediening. Hoe het Josua soveel krag ontwikkel met God? Hy het geleer om te bid. Terwyl Moses op die berg gebid het, het Josua die nag by die voete van die berg deurgebring om te bid. Toe Moses nie meer daar is nie, het God 'n opgeleide leier gehad wat bekend was met gebed.

Dawid was 'n man wat oorgegee was aan gebed. As ons kyk na die krag in die heerskappy en die lewe van Dawid, kan ons die oorsprong van sy krag sien, 'n lewe van gebed.

Elia was die profeet van God gedurende een van die ergste tye die geskiedenis van Israel. Gedurende daardie tyd het Israel vir Baal aanbid. Elia het kragtig gebid, en die profete van Baal uitgedaag. Elia was 'n man van gebed. Dit is hoekom, toe Elia opgeneem is in 'n warrelwind deur die wa van vuur, het die seuns van die profete na hom gesoek op die bergtoppe van Israel.

Maar niemand het nog ooit die krag van God gemanifesteer soos die Seun van God, Jesus Christus nie. Jesus was bekend daarvoor dat hy seisoene van gebed alleen met die Vader deurgebring het. Dit was die bron van Sy krag. Hy kon niks doen alvorens die Vader dit nie aan Hom bekend gemaak het nie.

Is jy moeg vir die kragtlose gebede wat jy hoor oor jou lippe kom? Is jy gereed om 'n kragtige lewe van gebed in te gaan? As dit jou begeerte is en jy sal enigiets doen, maak dan gereed vir God om jou lewe en bediening drasties te verander, en jou in 'n nuwe dimensie van krag te bring.

Ek het gelees waar 'n man genaamd Charles Finney deur 'n klein gemeenskap in New York gegaan het. Houghton, New York, was 'n normale dorp, maar toe Charles Finney se trein een dag daar verbygaan, het die Heilige Gees geval op die sondaars van die gemeenskap. Manne in kroë het op hulle knieë geval onder die oortuiging van die Heilige Gees en Jesus Christus gevra om hulle te red. As die Heilige Gees vir Charles Finney soveel krag kon gee, sou hy ons nie dieselfde tipe van kragtige bediening gee nie? Finney het baie selde die sleutel tot sy krag gedeel, maar 'n verslaggewer het besluit om op hom te spioeneer. Die koerantman het uiteindelik besef dat die bron van Finney se krag was die ure wat hy in gebed spandeer het.

Wat van my, mag jy vra. Ek is nie Moses, Dawid of Elia of selfs Charles Finney nie, ek wil net my gebede beantwoord sien. Ek wil weet dat wanneer ek bid, ek resultate sal ontvang.

Die Bybel bevat die antwoord tot elke uitdaging. Die Woord van God bevat jou antwoord. Die Here het nie nodig dat jy Hom herinner aan jou omstandighede nie. Hy weet alreeds daarvan. Om die waarheid te sê, Hy het daarvan geweet voor jy daarvan geweet het. Dit is hoekom Hy vir jou Sy Woord gegee het – die oplossing handboek – om jou te help om alle hindernisse te oorkom. Hoe weet ek? Want God het gesê, **Sy Woord sal altyd doen van Hom behaag (Jes 55:11).**

In stede daarvan om op die probleem te hamer en die meeste van jou tyd spandeer om God te vertel wat verkeerd gaan in jou lewe, ondersoek die Woord en bid vir die oplossing wat Hy alreeds voorsien het. Wanneer jy direk tot God spreek, maak dit persoonlik, deur te bid: *“Here, U Woord sê ‘Maar Hy (Christus) is ter wille van (my) oortredinge deurboor, ter wille van (my) ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir (my) die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir (my) genesing gekom.’ Daarom glo ek dat ek my genesing ontvang het in Jesus se Naam!”* Onthou, bid altyd die oplossing!

BID DIE WIL VAN GOD

Om volgens Sy Wil te bid, wat Sy Woord is, trek God se aandag.

En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.

1 Johannes 5:14, OV

Vers 15 verseker ons dat ***as Hy ons verhoor, ons enigiets kan hê wat ons vra.*** Met ander woorde, vir die Here om ons te verhoor, moet ons gebede in lyn met Sy Wil wees. Ons moet God se taal praat ten einde sy aandag te verkry. Gebed is samesyn met die Here – ’n lewendige, persoonlike kontak met God is meer as genoeg. Ons moet in konstante gemeenskap met Hom wees.

Want die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle gebed, maar die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners.

1 Petrus 3:12, OV

Gebed moet nie ’n godsdienstige vorm wees sonder enige krag nie. Dit moet effektief en akkuraat wees en sal dan resultate lewer. God wil sy verbond met ons bevestig, daarom is Hy ***wakker oor Sy Woord om dit te volbring (Jer 1:12).*** Gebed wat resultate lewer moet berus op God se Woord.

Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is ’n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Hebreërs 4:12, OV

Gebed is hierdie “lewende” woord in ons monde. Ons monde moet geloof spreek, want dit is geloof wat God behaag (Heb 11:6). Ons hou Sy Woord voor Hom in gebed, en ons Vader sien Homself in Sy Woord.

GEBED IS KONTAK MET GOD

God se Woord is ons kontak met Hom. Ons maak Hom indagtig aan Sy Woord en plaas druk op sy vermoë in die naam van ons Here Jesus. Ons herinner Hom dat ***Hy vervul elke behoefte van ons na Sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus (Fil 4:19).***

So sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.

Jesaja 55:11, OV

God het ons nie gelaat sonder Sy gedagtes en Sy weë nie, want ons het Sy Woord – sy verbond. **God sê aan ons om Hom aan te roep en Hy sal antwoord en aan ons bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat ons nie weet nie. (Jer 33:3).** Gebed moet opwindend wees – nie sleurwerk nie. God beweeg soos wat ons bid in geloof – deur te glo. Hy sê dat **Sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeelde op Hom gerig is (2 Kron 16:9).**

Ons is sonder gebrek (Ef 1:4). Ons is Sy eie kinders (Ef 1:5). Ons is Sy geregtigheid in Christus Jesus (2 Kor 5:21). Hy sê aan ons om met vrymoedigheid na die troon van die genade te gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word (Heb 4:16).

TOEPASSING VAN DIE WAPENRUSTING IN GEBED

Die gebedswapenrusting is vir elke gelowige, elke lid van die liggaam van Christus, wat dit sal aansit en daarin loop, **want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp (2 Kor 10:4).** Geestelike oorlogvoering vind plaas in gebed.

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

Efesiërs 6:12, OV

Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.

Efesiërs 6:18, OV

Daar is baie verskillende tipes gebed, soos die gebed van danksegging en lofprysing, die gebed van toewyding en aanbidding, en die gebed wat situasies verander. Alle gebede behels 'n tyd van samesyn met die Vader. In Efesiërs 6 word ons opdrag gegee om die Swaard van die Gees op te neem, wat die Woord van God is en om te alle tye – by elke geleentheid, in elke seisoen – in die Gees te bid, met alle gebed en smeking. Gebed is ons verantwoordelikheid.

GEBED BRING VRUG VOORT

Gebed moet die fondasie wees van elke Christelike strewende. Enige mislukking is 'n gebeds-mislukking. Ons moet nie oningelig wees aangaande God se Woord nie. God se begeerte is vir Sy mense om suksesvol te wees, om gevul te wees met 'n vol, diep en helder kennis van Sy wil (Sy Woord), en om vrug te dra in elke goeie werk.

Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, en met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlikheid tot alle lydzaamheid en lankmoedigheid met blydschap, en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig— Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde.

Kol 1:9-13, OV

Ons bring dan eer en heerlikheid aan Hom (Joh 15:8). Hy begeer dat ons moet weet hoe om reg te bid, want **die gebed van die opregtes is vir Hom welgevallig (Spreekw 15:8).**

DIE HEILIGE GEES BID MET ONS

Ons Vader het ons nie hulpeloos gelaat nie. Nie alleen het Hy vir ons Sy Woord gegee nie, maar Hy het ook vir ons die Heilige Gees gegee om ons swakhede te help te kom wanneer ons nie weet hoe om te bid soos wat ons moet nie.

And in the same way by our faith [in like manner] the Holy Spirit helps us with our daily problems and in our praying. For we don't even know what we should pray for, nor how to pray as we should; but the Holy Spirit prays for us with such feeling that it cannot be expressed in words.

Rom 8:26, Living Bible

Ons bid tot die Vader, in die naam van Jesus, deur die Heilige Gees, ooreenkomstig die Woord!

GEBRUIK VAN DIE WOORD IN GEBED

Om God se Woord doelbewus, spesifiek te gebruik in een manier van gebed, is 'n baie effektiewe wyse van bid. Jesus het gesê, **die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe (Joh 6:63).**

Om die Woord te gebruik in gebed is nie om dit uit konteks te gebruik nie, want Sy Woord in ons is die sleutel tot beantwoorde gebed – die gebed wat resultate lewer.

Now to Him who, by [in consequence of] the [action of His] power that is at work within us, is able to (carry out His purpose and] do superabundantly, far over above all that we [dare] ask or think [infinitely beyond our highest prayers, desires, thoughts, hopes, or dreams].

Efesiërs 3:20, Amplified

Die krag lê in God se Woord. Die Heilige Gees salf dit. Die Gees van God lei ons nie weg van die Woord nie, want die Woord is die Gees van God. Ons pas die Woord op ons persoonlik en op ander toe – sit niks by of laat niks weg nie – in die naam van Jesus. Ons pas die Woord toe op die nou – op daardie dinge, omstandighede en situasies wat ons NOU in die gesig staar!

OM VIR MEKAAR TE BID

In 2 Korinthiërs 1:11 en 2 Korinthiërs 9:14, sien ons voorbeelde van hoe gelowiges vir mekaar gebid het – deur ander eerste te plaas in hulle gebedslewe met VREUGDE!

En ek bid altyd in al my gebede vir julle almal met blydschap.

Fil 1:4, OV

Ons geloof werk deur liefde (Gal 5:6). Ons groei geestelik soos wat ons na ander uitreik om te help – vir en saam met hulle te bid en **die Woord van die Lewe vashou (Fil 2:16).**

GOD SE WOORD EN GEBED IS VOEDSEL VIR ONS GEES

Die mens is 'n gees, hy het 'n siel en hy lewe in 'n liggaam (1 Thess 5:23). Ten einde suksesvol te opereer, moet elkeen van hierdie dele behoorlik gevoed word. Die siel of intellek voed op intellektuele voedsel ten einde intellektuele krag te kan lewer. Die liggaam voed op fisiese voedsel en die gees – die hart of innerlike mens – is die waarlike jy, die deel wat wedergebore is in Christus Jesus. Dit moet voed op geestelike voedsel, wat God se Woord is, ten einde geloof te kan lewer en ontwikkel. Soos wat ons fees op God se Woord, **word ons vernuwe in die gees van ons gemoed en met die nuwe mens beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid (Ef 4:23).** **Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer (Rom 12:1)** en nie toelaat dat die liggaam jou domineer nie, maar dit diensbaar maak tot die geestelike mens (1 Kor 9:27). God se Woord is genesing en gesondheid vir die hele liggaam (Spr 4:22). Daarom beïnvloed God se Woord elke deel van ons – gees, siel en liggaam. Ons word essensieel verenig met die Vader, met Jesus, en met die Heilige Gees – een met Hulle.

Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die

toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.

Joh 16:13-15

Dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

Joh 17:21

En julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag;

Kol 2:10

God se Woord, die geestelike voedsel, skiet wortel in ons harte, word gevorm deur die tong, en word gespreek uit ons monde. Dit is kreatiewe krag. Die gesproke Woord werk soos wat ons dit bely en dan aksie daarop toepas.

DIE WOORD, GELOOF en GEBED

En word daders van die woord en nie net hoorders wat julle self bedrieg nie.

Jakobus 1:22

Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.

Jakobus 2:17

Waarlike geloof is om NOU op God se Woord te reageer! Ons kan nie geloof bou sonder om die Woord te oefen nie. Ons kan nie 'n effektiewe gebedslewe ontwikkel wat meer as net leë woorde is as God se Woord nie 'n deel het in ons lewens nie. Ons moet vashou aan ons belydenis van die Woord se waarheid.

Let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus

Hebreërs 3:1

In sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword.

Hebreërs 7:22

Gebed maak nie geloof werk nie, maar geloof maak gebed werk. Daarom is enige gebedsprobleem 'n probleem van twyfel – twyfel in die integriteit van die Woord en God se vermoë om vas te staan op sy beloftes of die verklarings van feite in die Woorde.

Ons kan vrugtelose ure in gebed spandeer as ons harte nie vooraf voorberei is nie. Voorbereiding van die hart, die gees, kom deur meditasie van die Vader se Woord, meditasie op wat ons is in Christus, wat Hy vir ons is, en wat die Heilige Gees vir ons kan beteken soos wat ons 'n Goddelike verstand ontwikkel. Soos wat God vir Josua gesê het in **Josua 1:8, *Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.*** Ons moet ag gee op God se Woord, ons onderwerp aan Sy woorde, dit in ons harte bewaar en valsheid van die mond verwyder (Spr 4:20-24).

Die Woord sê die regverdige sal uit die geloof lewe (Heb 10:38). Ons sal deur geloof wandel en nie deur aanskouing nie (2 Kor 5:7). Maar ongelukkig wandel baie Christene deur aanskouing en nie deur geloof nie.

Wanneer ons God se Woord gebruik in gebed, is die nie iets wat ons slegs eenmaal vinnig uitspreek en dan is ons klaar nie, ons hou God se Woord voor Hom. Ons bely wat Hy alreeds gesê het. Ons verwag Sy goddelike ingryping terwyl ons kyk na en oorweeg nie die dinge wat ons kan sien nie, maar dit wat onsigbaar is, want die dinge wat sigbaar is, is tydelik, maar dit wat onsigbaar is, is ewig, halleluja! (2 Kor 4:18).

Pas dit toe wanneer die storms van die lewe teen jou opkom en die duiwel sê, *“Kyk hier, jy sal nooit oor dit kan kom nie.”* Ignoreer hom net en sê, *“dankie God, ek glo die Woord, dit sal nie daar wees as ek daar kom nie.”*

Daardie tipe geloof sal berge versit. Jesus het gesê, *“Sê vir die berg, hef jou op en werp jou in die see.”*

Gebed wat berus op die Woord styg uit bo die sintuie, kontak die Outeur van die Woord en stel Sy geestelike wette in werking. Dit is nie net die opsê van gebede wat resultate bewerk nie, maar dit is om tyd met die Vader te spandeer, Sy wysheid te leer, Sy krag te trek, om gevul te word met Sy stilte en verlore te raak in Sy liefde, wat resultate tot ons gebede lewer!

Gebed is ons wettige reg om geloof gevulde woorde te gebruik om God op die toneel te bring om jou ontwil, of vir 'n ander, sodat jou geluk volkome kan wees. Dit is die Woord wat in jou woon, wat veroorsaak dat geloof teenwoordig is in jou woorde. ***As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry. Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees (Joh 15:7-8).*** Let daarop dat dit die Vader verheerlik wanneer jou gebed beantwoord en jou behoeftes vervul word! ***Vers 11 sê, “Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydschap in julle kan bly en julle blydschap volkome kan word.”*** Jou blydschap kan volkome wees indien die woorde van Mark 11:24 in jou woon, ***“...wat julle in die gebed vra, glo...”***

GELOOF SAL JOU GEBED LAAT WERK. GEBED SAL NIE WERK SONDER GELOOF NIE! GELOOF SAL WERK SONDER GEBED! Gebed is een van die wyses om geloof vry te stel, so as ons onself oplyn met die Woord van God en ons geloof vrystel wanneer ons bid, sal ons die krag van God sien lewendig word in ons lewens!

Hoofstuk 2

DINGE WAT BEANTWOORDE GEBED VERHINDER

Baie keer bid mense en kry nie antwoord op hulle gebede nie. Wat is dit wat gebed verhoor? Jy bid, maar jy kry geen resultate nie. Het jy 'n harde tyd om te glo dat God jou hoor, of selfs verlang om jou petisies te beantwoord? Word jou gebede vandag verhoor deur twyfel, ongeloof of onverskilligheid?

Daar is sommige gebedsbeloftes wat ons nodig het om na te kyk voordat ons kyk na die dinge wat jou gebed verhoor. Dit is tyd vir ons om te begin leer hoe om God te vertrou! Dit is meer as om net te sê: "Wel, ek glo." Nee, vertrou jy Hom? Vertrou jy Hom met jou lewe? Vertrou jy Hom met die volgende tree wat jy neem? Hy is 'n beloner van die wat hom ywerig soek, diegene wat glo dat Hy is, en dat Hy 'n beloner is van diegene wat Hom ywerig soek. As jy nie glo dat Hy IS nie, sal jy nie tyd neem om Hom te soek nie. Jy sal altyd toelaat dat die omstandighede en situasies in hierdie lewe jou vertrou en geloof in die werklikheid van die Almagtige God bevoortreke.

Daar is baie plekke in die Bybel waar die mense gebid het en antwoorde ontvang het op hulle gebede. Toe hulle begin het om die Here te soek, en die Here sy opwagting gemaak het. Dan beweeg ons na die huidige tyd, en ons hoor selde dat Christene antwoorde ontvang op hulle gebede. Dit is iets wat ons vinnig van ontslae gaan raak. Elke wedergebore gelowige, jy gaan vertrou dat God jou hoor, en omdat Hy jou hoor, dat Hy jou gebede sal beantwoord!

Spreek die volgende hardop: **God sal my gebed hoor en beantwoord!** Jy moet dit verwag! Wanneer jy weet dat Hy antwoord wanneer jy bid, gaan jy nie rondloop op soek na iemand om VIR jou te bid nie. Die rede hoekom jy rondsoek, is omdat jy nie vertrou het in jou eie gebed nie.

Kom ons ondersoek die... Beloftes van God:

SOEK GOD

Vra na die HERE en sy sterkte; soek sy aangesig altyddeur.

1 Kronieke 16:11

Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.

Mattheus 7:7

Vra en...wat? (gegee word). Dit is wat jy moet verwag wanneer jy vra. Wanneer jy vra volgens die Woord van god, sal dit vir jou gegee word.

Gebed is net om aan God te sê wat Hy alreeds in Sy Woord gesê het!

Die taal wat God praat en verstaan is Sy Woord. As jy nie Sy Woord ken nie, dan kan jy nie Sy Woord spreek (bid) nie. So, wanneer jy nie Sy Woord spreek nie, dan hoor Hy jou nie. Wanneer die Christen hierdie in sy slingervel kan kry, sal hy weet dat hy NIE in 'n reus vaskyk nie.

My dogter is nie verras as sy die fiets kry wat sy voor gevra het nie. Hoekom? Want sy soek my (verhouding) ywerig en sy weet dat wanneer sy my vra wat sy verlang, sal ek dit vir haar gee! So, met ander woorde, sy verwag dit! Ek is veronderstel om dit vir haar te gee. Maar sy kan nie verwag om 'n motor te kry as sy nou daarvoor vra nie, want sy is steeds 'n kind. Wanneer jy God vra vir leiding, wees duidelik met jou versoek en moenie antwoorde verwag wat jy weet jy nie sal ontvang nie, as gevolg van waar jy tans is in jou gebedsloop!

...Klop, en vir julle SAL oopgemaak word. Sommige van julle klop op die deur van skuldbevryding; of genesing; of voorsiening; of 'n deurbraak – **dit SAL oopgemaak word.** Ask – Seek – Knock.

Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.

Mattheus 7:8, OV

Gebed is baie belangrik in ons lewens. Ons sien Jesus gaan van een plek van aanbidding na 'n ander, en tussen-in verrig Hy wonderwerke. En dit is presies wat veronderstel is om te gebeur in ons lewens. Wonderwerke en gebed is 'n lewenswyse vir 'n Christen.

WEES WAAKSAAM, sodat jy nie in versoeking kom nie.

Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

Mattheus 26:41, OV

Hierdie kom natuurlik van die situasie waar Jesus in die Tuin van Getsemane gebid het. Hy vra sommige van die dissipels om saam met Hom te bid. Hy kom terug en vind hulle aan die slaap. **Vers 40, "So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie?"** Kom ons kombineer vers 41 in die "Living Bible" en die "Amplified": ***"Keep alert, keep awake [give strict attention, be cautious] and pray"***.

Waarvoor waaksaam wees? Vir die versoeking van die vlees. Gebed sal jou toerus teen versoeking. Wanneer jy tyd spandeer om te bid, spandeer jy eintlik tyd om jouself toe te rus teen versoeking.

As 'n kind van God verbind bly met God, kan hy nie val nie.

Gebed is die weg uit versoeking, en dit is die manier om nie in versoeking te kom nie. Dit is die vitamien, die krag wat jy nodig het om nie in te gee vir daardie versoeking nie. Gebed sal die effek van daardie versoeking verswak.

Dit is wat Jesus gesê het: *As julle maar net gebid het, in stede van om te slaap, sou julle die swakhede van die vlees kon oorkom.* Dit is hoekom die kerk in so 'n toestand van sonde, armoede, geen visie en geen wonderwerke is nie, omdat sy oorkom is deur die versoeking van die vlees as gevolg van 'n tekort aan gebed, daaglikse kontak met God! God is 'n daaglikse God, nie 'n Sondag-God nie!

Elke mislukking in die lewe is 'n gebeds-mislukking!

Wees op jou hoede, kyk en sien wat gaan aan om jou. Beoordeel **jouself**, wees eerlik met **jouself** – hoekom? Sodat jy daardie dinge in gebed kan oorwin. Ek het nog nooit mense gesien wat so onkundig is oor dinge soos die Christene nie. Maar ons is baie wakker oor die dinge wat ons broers en susters doen. Hou op om jou broers en susters te beskuldig ek begin om na jouself te kyk, wees waaksaam oor jouself, en bring jouself voor God in gebed sodat Hy JOU kan reinig en genees.

Gaan in die mees geheime plek met God, bid in Afrikaans, Engels, en veral in tale. Miskien neem dit nog drie dae, of self nog 'n maand, maar **BLY IN DIE GEHEIME PLEK**, want in die geheime plek sal jy die antwoord vind tot die geheim om verlos te word van daardie versoeking!

Die versoeking is nie die probleem nie. Jy moet net seker maak dat jy nie daarvoor val nie. Daar is baie dinge wat jou versoek, maar gebed is jou wapen. Soms, as ons nie versigtig is nie, gee ons die versoeking meer van 'n geleentheid om met ons te werk as die Gees van God. Ons spandeer meer tyd om nie toe te gee tot die versoeking nie en daardeur gee ons meer spasie vir die versoeking, eerder as om dadelik in 'n tyd van gebed te gaan en tyd met God te spandeer. Die tyd met God rus ons toe en versterk ons om te veg teen die versoeking. Handel met versoeking deur die Woord daarvoor te bid. As jy lank genoeg voor versoeking bly, sal dit begin om jou te verswak.

MOENIE MOEDELLOOS WORD NIE

En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie.

Lukas 18:1, OV

Die mens moet altyd bid, en nie moedeloos word nie. Die mees kragtige ding wat 'n Christen kan doen is om te bid. Dit is nie 'n opsie nie, maar 'n leefwyse. Sukses word nie bepaal deur status nie, maar deur 'n lewe van gebed. Gemeenskap met God is lewensbelangrik vir die oorwinnende Christen.

Bid dat jy nie verflou, moedeloos raak en opgee nie! *"Ja, maar ek voel niks nie."* Hou aan bid. Gebed is jou saadtyd, wat jou voorberei vir jou oes. God gee krag aan die swakke. Waar? In Sy teenwoordig-heid. God word nie swak, moedeloos en gee op nie. Bid sodat jy nie opgee nie. Bid dat jy nie moede-loos raak nie. Bid dat jy 'n OORWINNAAR kan word! Ons moet hierdie verhouding met Jesus ontwikkel (werk aan ons kant).

As ek en jy 'n lewe van gebed leef, sal ons nie opgee, ineenstort, moedeloos raak en moeg word in die dinge van God nie.

VRA, sodat jou geluk volkome en ten volle kan wees

Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees.

Johannes 16:24, OV

Die Naam van Jesus – die seël. Gaan na die Vader en vra in die Naam van Jesus. Iets gebeur wanneer ek sê, *"in die Naam van Jesus."* Bose geeste sidder wanneer ek sê, *"in die Naam van Jesus"*. Die Hemel neem kennis wanneer ek sê, *"in die Naam van Jesus"*. Jesus het ons die outoriteit gegee om Sy Naam te gebruik asof Hy dit self gebruik.

Vra Hom om jou uit skuld te kry, moenie wens nie. Moet dit nie net noem nie, maar gebruik ernstige tyd om die Vader te VRA in die Naam van Jesus. Jy HET NIE, omdat jy nie VRA nie, sê die Bybel. *Maar Stephen, ek dog dit is ongeloof as ons aanhou vra.* As jy vra en jy loop daar weg, twyfelend of enigiets verander het, DAN is dit ongeloof. Die probleem met ons vraery is dat ons verswak en verloor te maklik moed. Glo dat jy ontvang! Sommige van julle het gevra om uit skuld te kom. Onthou, wanneer jou laaste rekening betaal word, sal jou vreugde ook volkome wees.

Ons moet ontslae raak van vrae soos, *"Is Hy rêrig? Het Hy my gehoor? Het ek dit hardop genoeg gesê? Het ek lank genoeg gebid?"* Daar is niks soos om antwoorde te kry op jou gebede nie! Almal behoort te SIEN dat jou gebede beantwoord is!

BID TE ALLE TYE

Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.

Efesiërs 6:18, OV

"Alle maniere, soorte gebed..." Dit beteken eenvoudig dat daar verskillende tipes gebed is. Gebed van interessie; gebed van danksegging; petisie gebed, bid in die Gees; ens.

En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

Romeine 8:26, OV

Jy kan slegs in Afrikaans of Engels bid oor die dinge wat jy van weet. Paul por ons aan om te *bid sonder ophou* (1 Thessalonisense 5:17). *Here, hoe kan ek aanhou bid?* Gebed is nie gebed net omdat jy op jou knieë gaan, jou hande vou en jou oë sluit nie. Elke keer wat jy 'n WOORD spreek, stel jy of 'n gebed tot eer van God vry, of een vir die duiwel. As ons begin goed doen in ons

belydenis, sal ons goed doen in ons gebedslewe. Ons het gebed 'n sit opsy godsdiens gemaak. Elke woord wat uit jou mond kom wat dit wat jy in jou gebedskamer gespreek het teëspreek, kanselleer eenvoudig dit wat jy begin bid het uit.

Jy kan nie bid, *"Vader, ek bid in die Naam van Jesus dat ek 365 dae van die heerlijkheid van God kan hê"*, en dan loop jy uit en bely dat vandag is moeilike tye. Laat jou woorde in lyn kom met wat jy glo die Woord sê oor die situasie.

God praat nie oor die meganika van gebed wanneer Hy sê: *"Bid sonder ophou"* nie. Hy praat oor die LEWE VAN GEBED! Die intieme verhouding – die dialoog van gebed. Die dialoog om Sy taal te praat – die Woord. Soms sal ek vir 'n uur bid en in daardie uur praat ek slegs 10 – 15 minute. *Wel Stephen, ek moet praat, anders raak ek aan die slaap.* Wat sê, sien en hoor jy wanneer jy bid?

Hoofstuk 3

BELOFTES VAN 'N LEWE VAN GEBED

Ons praat oor *"gebed met resultate"*, en kyk spesifiek na dinge wat gebed verhinder. As jy kan uitvind wat jou gebed verhinder, begin om jou denke te verander oor waar jy VERWAG God jou gebede gaan beantwoord. Verwagting is baie belangrik in jou gebede. Jou verwagting is Sy uitnodiging!

Ek wil hierdie skrifte neem en konsentreer op die feit dat die Bybel ons bewyse gee dat ons antwoorde moet verwag op ons gebede. Nie net bid nie, maar antwoorde verwag! Wanneer jy nader tot God, sal Hy tot jou nader. *Eerstens*, moenie kontak verloor met God nie. Bly in kontak met Hom. Wanneer jy nie 'n antwoord ontvang nie, kan dit net wees omdat jy nie bid volgens die Woord van God nie, wat natuurlik Sy wil openbaar, en *tweedens*, deur die gebed van geloof te bid, vertrou in God te hê. Wanneer ek bid, glo ek dat ek ontvang.

Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee.

Psalm 91:15, OV

Wanneer jy Hom aanroep in moeilikheid – Hy sal ANTWOORD! Natuurlik, as jy in kontak bly met God, sal jy nie in die moeilikheid kom nie. Maar wanneer dit wel gebeur, sal hy jou verlos. Dit is die belofte.

Die mees kragtige ding wat 'n Christen kan doen is om te bid. Dit is die fondasie vir elke suksesvolle poging in die lewe. Maar ons moet eers ontslae raak van die godsdiens wat geassosieer word met gebed. Dit is nie die meganika wat belangrik is in gebed nie, maar wel wat jy leef uit jou gebedskamer. Die meeste van ons kanselleer ons gebede uit, as gevolg van wat ons sê en doen nadat ons gebid het. Ons gaan uit en spreek twyfel en ongeloof en dit stop die wonderwerkende krag van die Woord van God wat vrygestel is deur ons gebed. Ons moet gebed nie sien as 'n uurlikse aktiwiteit nie. Ons moet dit sien as 'n daaglikse wandel met God! God is nie 'n Sondag-God nie. Wat jy doen deur die dag, sal of jou gebed ondersteun of dit uitkanselleer.

Jou mond en jou woorde sal uiteindelik saam verantwoordelik wees vir die sukses wat jy behaal in die lewe – nie op God te wag vir die antwoord nie. Wat jy sê in gebed tot God en wat jy sê wanneer jy met ander praat, sal jou resultate bepaal. *"Ek sal tot die Here roep en Hy sal my antwoord. Hy sal met my wees in moeilike omstandighede; Hy sal my verlos en my eer."* Deur hierdie godsdiensspel te speel deur slegs voor te gee dat jy God ken op Sondag, gaan nie goed genoeg wees om jou die versekering te gee van beantwoorde gebed nie.

God weeg die hart op, nie die uiterlike voorkoms nie. Wat jy ookal doen, maak seker dat jy dit doen vanuit die hart. Ons het God se ondersteuning meer nodig as dié van mense. Ons WERK harder vir die goedkeuring van mense, as wat ons doen om God te behaag. Bevordering kom van die Here. God is my ondersteuning, Hy is my lewe, Hy is my rede om te leef en Hy is my wese. LEER OM GOD TE VERTROU! Mense sê dit kan nie gedoen word nie, God sê, *"Ek sal jou ondersteun, Ek sal jou nooit verlaat nie, of begewe nie."*

God sê, *"Enigiets wat jy vra."* Wanneer God praat, sê Hy, *"Wie ookal glo."*

So I have an extravagant God with extravagant language to make me an extravagant person. - Smith Wigglesworth

Wat kan en kan nie gedoen word nie berus nie op die mens nie. God sê, *"Niks is onmoontlik vir Hom nie."* Hy doen ver bo alles wat ons BID of dink. Onmoontlikhede bestaan slegs sodat gesalfde mense kan kom en dit oorkom! Vat vas elke uitdaging wat jy het in die lewe en begin om 'n lewe van gebed te leef en neem 'n besluit; met God kan ek enigiets doen! **Lukas 18:1** sê dat ***"n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie."*** BID dat jy nie moeg word, ineenstort en opgee nie! Dit IS NIE 'n geval van OF dit kom nie, maar WANNEER dit kom. Maar tot dan is ek in voorbereiding en

gereed om dit te ontvang. Die fondasie vir sukses is om te wandel in Sy teenwoordigheid in 'n lewenswyse van gebed. Die sukses van 'n bediening, familie of besigheid sal wees as gevolg van mense wat bid. Jou sukses sal wees omdat jy bid!

Gebed is soos om 'n sleutel te sny. Vir die eerste paar jaar van my bediening het ek gebed en God gevra waar die groei is, waar die geld is? Toe het ek geleer dat dit my verantwoordelikheid is om hierdie dinge te ontsluit deur gebed. MAAR! 'n Ongevormde, ongesnyde sleutel kan niks ontsluit nie. God wil hê ons moet wees soos 'n sleutel wat gesny is. Die eerste ding is om daardie sleutel in 'n bankskroef te sit met die MEESTER sleutel sodat dit nie beweeg nie. Ons moet onbeweeglik wees wanneer druk op ons toegepas word.

Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie— so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.

Jakobus 1:6-8, OV

As jy aanhou beweeg (twyfel), is dit nie moontlik vir die druk om die sleutel te dupliseer nie. As Christene het ons druk in ons lewens. Ons kan nou toelaat dat die druk ons bevoordeel om ons voor te berei om slotte te ontsluit. Wanneer ons te veel beweeg of ongemaklik raak in hierdie posisie, sal ons nie gesny kan word soos die MEESTER sleutel nie, wat God is.

Dieselfde dinge wat die MEESTER sleutel kan nie – sal ons kan doen. **Ons het nodig om verbind te wees met die MEESTER in gebed!** Maar sodra druk toegepas word, maak ons onself los van die Meester en wonder dan hoekom dinge nie werk vir ons nie. Dan blameer ons God, die pastoor, kerk en ander, behalwe onself. Dit is “natuurlik” om dit te doen, want jy “pas” nie. Jesus het gesê, ***“As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en JULLE SAL DIT VERKRY” (Luk 15:7).*** In tye van druk is dit die geleentheid om 'n kopie te maak gemaak van die Woord van God. Dit is die geleentheid om jouself gedompel te kry in die vuur, maar jy sal uit daardie vuur kom, suiwer, sonder om eers na rook te ruik, niks tekort nie en gereed vir bevordering.

Ek sê nie ons moet harde tye verheerlik nie. Daar is iets soos: *“Geloofsdruk”*. Dit is waaroor gebed gaan. Plaas geloofsdruk op die Woord van God tot op die punt waar in jou gebedstyd jy so baie kopieë gemaak het van *genesings*sleutels, *verlossings*sleutels, *voorspoeds*sleutels en wanneer jy uit jou tyd van gebed kom, het jy so baie deure ontsluit, omdat jou sleutels pas.

Ons loop rond en sê God is wonderlik. As Christene bely ons dat ons 'n groot God dien. My vraag is: *Hoekom posisioneer ons nie onself sodat ons meer van Sy grootheid kan kry nie?*

Now to Him Who, by (in consequence of) the [action of His] power that is at work within us, is able to [carry out His purpose and] do superabundantly, far over and above all that we [dare] ask or think [infinitely beyond our highest prayers, desires, thoughts, hopes or dreams].

Efesiërs 3:20, Amplified

Daar is meer in jou as wat jy van weet! Die Gees van die Almagtige God bly in jou. Met alles wat gesê word rakende hierdie “sleutel”, is dit belangrik dat ons moet kyk na die volgende skrifte:

Genade vir julle en vrede van God, onse Vader, en die Here Jesus Christus! Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehag van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade, wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand, deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehag wat Hy in Homself voorgeneem het, om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is,

onder een hoof in Christus te verenig— in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil, sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid, om wat reeds tevore op Christus gehoop het, in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid. Daarom—vandat ek gehoor het van die geloof in die Here Jesus wat onder julle is en die liefde tot al die heiliges— hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek aan julle in my gebede dink nie, dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.

Efesiërs 1:2-23, OV

Maar julle het Christus nie so leer ken nie, as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet bekleed wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.

Efesiërs 4:20-24, OV

Dit is hoe die MEESTER sleutel lyk, en Hy het alreeds vooraf beskik dat ons dieselfde lyk. Daarom, wanneer ons bid, praat, dink, kommunikeer, moet ons dit hiervolgens doen! Indien nie, sal dit nie moontlik wees om soos Hy te funksioneer nie tekort skiet aan ons verbondsregte! Ons bly terugval na minder in 'n poging om meer te kry. God se sukses word nie bepaal deur waar jy is in die natuurlike nie, maar waar jy is in die Gees. Waar jy is in die Gees, sal uiteindelik opvang in die natuurlike.

Dit is soos 'n plant sonder wortels, wat jy sien is wat jy kry. Dit is nie werklik nie. In 'n persoon wat 'n wortel het, is daar geen beperking nie. Die wortel word genoem karakter. Deur gebed word karakter ontwikkel. Wanneer die wortel ontwikkel, sien jy dit nie, want dit gaan eers onder na die ander kant voordat dit opkom. Iemand mag kom en jou afsny, maar omdat jy jouself gewortel het, groei jy net weer terug! Dit kom deur gewortel te wees in die Woord deur gebed. Dit is nie 'n kwessie van wat sal ek doen nie. *“Ek weet nie hoe ek dit gaan maak nie.”* Nee! *Hou aan vra en dit sal vir jou gegee word; hou aansoek; hou aan klop. Roep die dinge wat nie bestaan nie asof dit bestaan.* Hou aan roep en bid totdat jou geluk volkome is. Betaaldag kom, dit is hier. As God dit eenmaal kon doen, sal Hy dit weer doen! Laat ons bymekaar kom en bid!

Then you shall call, and the Lord will answer; you shall cry, and He will say, here I am. If you take away from your midst yokes of oppression [wherever you find them], the finger pointed in scorn [toward the oppressed or the godly], and every form of false, harsh, unjust, and wicked speaking.

Jesaja 58:9, Amplified

Let daarop dat daar sommige dinge is wat jou gebed sal verhinder. Hy sê dat wanneer jy roep, Hy sal antwoord, maar eers onder sekere omstandighede. Die meeste van die sondes in die Bybel handel met die mens se misbruik van sy tong.

En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek.

Jesaja 65:24, OV

Tot op hede het ons geleer dat WANNEER JY ROEP, maar hier handel God met iets wat slegs bereik kan word deur verbondsverhouding en getrouheid. Dit gebeur nie met iemand wat slegs 'n Christen

T-hemp dra of 'n vissie plakker op sy motor het nie – maar slegs deur intimiteit, tye spandeer met God in gemeenskap, te praat met God. Somtyds na Hom te luister. Somtyds Hom net te geniet.

Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.

Mattheus 6:8

En daarom sal die HERE met ongeduld daarop wag om julle genadig te wees, en daarom sal Hy Hom verhef om Hom oor julle te ontferm; want die HERE is 'n God van die gerig. Welgeluksalig almal wat op Hom wag!

Jesaja 30:18, OV

Die vraag is: *Behaag jy God?* Hoe kan ek? Deur in geloof te wandel met die Vader. Deur te bid, Sy Woord te spreek en SLEGS Sy Woord.

[For my determined purpose is] that I may know Him [that I may progressively become more deeply and intimately acquainted with Him, perceiving and recognising and understanding the wonders of His Person more strongly and more clearly], and that I may in that same way come to know the power out flowing from His resurrection [which it exerts over believers], and that I may so share His sufferings as to be continually transformed [in spirit into His likeness even] to His death, [in the hope].

Fillipense 3:10, Amplified

Sukses sonder om God te behaag is mislukking. Wees versigtig hoe jy sukses meet.

Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos 'n mens silwer smelt en hulle toets soos 'n mens goud toets. Hulle sal my Naam aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! En hulle sal sê: Die HERE, my God!

Saggaria 13:9, OV

Wat sê jy van Hom wanneer jy getoets word?

Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.

Fillipense 4:6

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry. Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees.

Johannes 15:5-8, OV

Hoofstuk 4

GEBED: DIE MEESTER SLEUTEL TOT DIE LEWE

Gebed is nie veronderstel om 'n godsdienstige saak te wees nie. Dit is die meester sleutel saak tot die lewe. Dit is die meester sleutel tot die lewe. Ek glo ons sal kan sien wat God se doel vir gebed is, en hoekom dit so belangrik is. Daar is dinge wat God probeer om tot ons te kry, maar ons neem dit nie. Daar is dinge wat God vir ons laat bou het soos huise, motors, familie, eindbestemming en vele meer. Hoekom is dit dan dat Christene altyd tevrede is met tweede beste? Die duiwel DINK dat geld, besittings en goed aan hom behoort. Die aarde behoort aan die Here en die volmaaktheid daarvan.

Aan wie behoort jy? Waar is die probleem? Die probleem is dat ons die wêreld se metode probeer het om te kry dit wat God alreeds vir ons gegee het. Ons moet terugkom na die korrekte postuur en GLO – as ons maar net sou uitrek en neem wat in die eerste plek regmatiglik aan ons behoort.

Ons moet ons erfenis in die hande kry; al die dinge wat gedek word deur ons polis genoem die bloedverbond. Die manier om dit te doen is deur God te soek.

En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie.

Lukas 18:1, OV

Die woord #“swak” beteken om *“op te gee, ineenstort en tou op te gooi.”* So! Ten einde nie op te gee, ineen te stort en tou op te gooi nie, beteken dat ons nodig het om altyd te bid! **Die Dakes Reference stel dit so:** Moenie ingee tot twyfel, vrees, ongeloof, mismoedigheid, of gebruik verskonings vir ongeloof wanneer gebed nie onmiddellik beantwoord word nie. Bestraf en weerstaan alle opposisie tot die antwoord en alle aanduidings van mislukking. Dit is 'n goddelike bloed-gekoopte reg om 'n antwoord te kry, so moenie moed verloor nie.

Bid sonder ophou.

1 Thessalonicense 5:17

Daar is iets wat ek wil hê jy moet sien en verstaan. Wanneer ons die woord “bid” hoor, is dit meer as net in jou binnekamer op jou knieë gaan, jou hande vou en te bid vir 'n uur. Moenie my misverstaan nie. Dit is baie belangrik – binnekamer tyd. Ons noem daardie tyd gemeenskap met God. Maar dan praat die Bybel baie oor om God te soek. In die boek Hebreërs sê dit dat: *hy wat na God toe kom moet glo dat God is en dat hy 'n beloner is van die wat hom ywerig soek.*

Wat is dit wat God vra ons moet doen sodat ons nie opgee, ineenstort en tou opgooi nie? Dit moet meer wees as daardie tyd spandeer in die binnekamer. Verstaan dat hierdie is belangrik, maar ons moet ook verstaan dat die boks wat ons ons sogenaamde gebed in plaas is baie groter as daardie uur. Daar is iets wat God probeer om tot ons te kry en die enigste manier vir ons om dit te kry is deur Hom te **soek**.

Wat is gebed?

- Ons weet dat gebed is om met God te kommunikeer die manier waarop God met ons kommunikeer.
- Ons weet ook dat gebed is om aan God te sê wat Hy alreeds vir ons gesê het in Sy Woord.
- Ons weet ook dat die gebedsisteem 'n taal het, wat die Woord van God is. Om 'n gebedslewe te vestig sonder die Woord sal oneffektief wees. As ons effektiewe resultate wil hê moet die Woord van God die hoof fondasie wees.

Om die Woord te kry word nou baie belangrik. Sonder die Woord is ek oneffektief in my geloof, oneffektief in my gebed, oneffektief in alles wat ek doen. *Wat is die gebed van geloof?* Dit is die gebed wat berus op God se Woord. Ek het ons al so baie kere hoor sê: *“Ek het my geloof uitgesit vir dit en dat.”* Waar is die skrif wat dit ondersteun? Dit nie hoop en bid nie. Gebed behels die Woord! Sonder die Woord van God kan jy nie die gebed van geloof bid nie. Geloof kom deur die gehoor en bestudering van die Woord. Wêreldse mense het die gebedsisteem verlaag tot: *“praat net met God*

soos wat jy met enigiemand anders sou praat." Dit is nie reg nie. Dit lewer oneffektiewe resultate. God is NIE SOOS ENIGIEMAND ANDERS NIE. Jy kan met God praat soveel as wat jy wil, maar as jy resultate wil hê, beter jy die Woord (God se taal) bid.

Daar is 'n protokol om in God se teenwoordigheid te gaan. *Kom in Sy teenwoordigheid met danksegging. Gaan in Sy hof met lof.* Maak seker dat voordat jy in Sy teenwoordigheid gaan, nie ingaan met gramskap of twyfel nie. Gaan in deur die bloed van Jesus.

Wat is dit? Jy het die reg om in Sy teenwoordigheid in te gaan met durf, want dit is deel van jou erfenis. Jy het die reg om outoriteit te neem oor situasies, deur jou bloedverbond met God. Jy het die reg om uit te roep "Abba Vader". Om vergifnis te vra vir jou sondes. Deur die bloed van Jesus het jy die reg tot die ewige teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dit is alles in my verbondsdekking. Ek het die bloedgekoopte reg om genesing in my liggaam te hê. Ek het 'n bloedgekoopte reg om antwoorde te kry op elkeen van my gebede wat ek in die Naam van Jesus bid wanneer ek die Woord van God bid! Ek het 'n bloedgekoopte reg om te verklaar wat ek wil hê Hy moet wees in my lewe. Om voor God te gaan en te verklaar: U is:

- Jehovah Shammah – *Die Here*
- Jehovah Shalom – *Die Here my Vrede*
- Jehovah Jireh – *Die Here wil Voorsien*
- Jehovah Nissi – *Die Here my Oorwinnaar*
- Jehovah Tsidkenu – *Die Here my Geregtigheid*
- Jehovah Rapha – *Die Here my Geneser*
- Jehovah Raah – *Die Here my Herder*

You do not have to be defeated by the devil, not one split second – Kathryn Kuhlman

Tog is daar duisende mense wat "Christen" op hulle voorkoppe het, wat oorwin word deur die duivel. Ons bely ons is Christene, maar ons het nie krag nie. Ons is nie voorspoedig nie; ons is bankrot, depressief en siek. Ons bely ons is Christene, en tog het ons nie die vrug van die Heilige Gees nie.

Jou voorspoed is in jou mond. Jy is die profeet van jou eie lewe! Jou genesing is in jou mond. Dit is een ding vir die Here om te verklaar dat dit is NOU die tyd vir oorfloed, en 'n ander vir jou om jouself te posisioneer om oorfloed te ontvang. Ons loop rond en breek die reëls, nie gereed om te ontvang nie.

Rise [from the depression and prostration in which circumstances have kept you – rise to a NEW LIFE!] – Shine (be radiant with the glory of the Lord), for your light has come, and the glory of the Lord is risen upon you!

Jesaja 60:1, Amplified

Miskien sê jy nou vir jouself: "Ek het my geloof in God geplaas vir hierdie ding wat Hy my in die Woord beloof het en ek moet dit nog ontvang." **Ek wil vir jou wys hoe om dit te kry.**

Eerstens, maak seker dat wat jy voor glo kom vanuit die Woord. Wat jy ookal voor glo, maak seker dat jy skrif het waarop dit berus. Jou bewys vir wat jy voor glo en die bewys vir wat jy kan hê kom van die Woord van God. Die Bybel praat en verwys na die Woord van God as onverganklike saad. So die saad wat jy God voor glo is daardie woord van die Bybel. Die **ding** wat jy voor hoop kom vanuit die saak wat in die Woord van God is.

Geen Woord van God, geen potensiaal om dit wat jy wil hê te kry of besit nie. Eis jou regte in God se bedeling. Moenie opgee, moed verloor, ineenstort of tou opgooi nie.

Tweedens, moet jy daardie saad wat jy van die Bybel ontvang het neem en dit in jou hart plant en dit daar hou. ***Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die***

oorsprong van die lewe (Spr 4:23). Hierdie saad sal slegs groei as dit in die grond is, goeie grond, dit is jou hart.

Is jy gereed? Vir wat? Dat jy kan beweeg en beweeg kan word deur die magtige krag van God wat nie beweeg kan word nie en so tugtig en opbou totdat jy op die plek is waar dit nie meer saak maak waar die winde waai of watter moelikhede opkom nie. Jy is gevestig in God.

Is jy gereed? Vir wat? Om in te gaan in die plan van die Allerhoogste God, te glo wat die Skrif sê en vas te hou aan wat goed is, te glo dat geen mens jou kroon kan wegvat nie.

God kan ons verander deur Sy Woord sodat ons algeheel verskillend is dag vir dag. Dawid het dit geweet. Hy het gesê, ***“dat U belofte my lewend maak” (Ps 119:50). “Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red” (Ps 107:20).*** Hoe pragtig is dit dat God Sy Woord oorvloedig maak!

If you will receive the Word of God, you will always be in a big place. If you pray ABOUT the Word of God, the devil will be behind the whole thing. Never pray about anything which is *“Thus saith the Lord”*. It has to be yours to build you on a new foundation of truth.

Smith Wigglesworth

GEBED:

Here, gee my die krag en durf om vas te staan op U Woord, U Woord te ontvang vir al my behoeftes
– Amen

Hoofstuk 5

ONINGELIGTHEID OOR DIE WOORD VAN GOD

Oningeligtheid oor die Woord van God word een van die dinge wat jou gebed sal verhinder. Gebedstyd is nie 'n mors van tyd nie. Dit is jou belegging in jou toekoms. Die tyd wat jy met God spandeer in gebed, die tyd wat jy spandeer om jou saad te saai (die Woord te bely), is tyd waar jy 'n belegging maak vir 'n suksesvolle toekoms en dan hoef jy nie bekommerd te wees oor opgee, ineens stort of tou opgee nie.

Hoe kry ons hierdie saad (die Woord) in die grond (ons harte)?

JOU MOND IS DIE MEESTER SLEUTEL TOT DIE LEWE

Eerstens: ***Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God (Rom 10:17).*** As ek nooit gehoor het dat in die Boek was nie, sou ek dit nooit kon kry in die eerste plek nie. Maar! Daar is 'n deel waar ek my mond moet oopmaak en die die woorde SPREEK. *Geloof is om die dinge wat nie bestaan niete ROEP asof dit bestaan (Rom 4:17).* Met ander woorde; die Woorde te bid! Dit is hoekom ek sê dat gebed is meer as om net op jou knieë te gaan en jou hande te vou.

Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig.

Romeine 10:8

*Here, in ooreenstemming met U Woord, bid ek u gesproke Woord; ek praat U taal. U sê in U Woord dat: **deur U wonde het daar vir my genesing gekom.** Daarom Here, volgens U Woord, vra ek vir my genesing, en U sê dat **wat ek ookal vra volgens U wil, sal vir my gegee word.** Daarom glo ek dat ek genees is. Amen.*

Wat is die verskil tussen wat ek nounet in gebed gesê het en nou dat ek klaar gebid het? Ek bely en spreek dit hardop: *Here ek dank U dat deur die bloed van Jesus het ek die reg tot genesing. Here, ek verklaar dat ek in perfekte heelheid wandel – vandag!*

Wat is die verskil tussen my GEBEDSTYD en my BELYDENISTYD? Die meeste van die tyd spreek die Here nie met my as ek bid nie, maar ENIGE tyd. In die motor, stort, of in gesprek met iemand anders. As gebed nie 'n LEWE word nie, sal dit nooit 'n REALITEIT word nie! Die gebed wat nie volg in belydenis (*belydenis van die Woord*) nie, vervolg nie. Ek het baie mense al gehoor – hulle bid 'n kragtige, effektiewe Woord gebaseerde gebed in hulle stiltetyd, maar kanselleer alles uit wanneer hulle daar uitkom deur wat hulle bely. Ons moet ANDERKANT die gebedskamer kom as ons resultate wil hê.

Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see—en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur—hy sal verkry net wat hy sê. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.

Markus 11:23-24

Praat met die berg; moenie dit probeer klim nie! Niks gaan verander totdat jy met dit praat nie. Dood en lewe is in die mag van die tong. SPREEK DIE WOORD VAN GOD! You LEWE is jou mond! Jou oorwinning, jou verlossing, jou genesing, jou ongeredde vriend en jou bediening is in jou mond. As jy dit glo, sal dit geen probleem wees om gebedstyd en belydenistyd elke dag van jou lewe in te stel nie, want jy weet dat dit werk. *Het jy 'n wonderwerk nodig?* Dit is net daar in jou mond!

Wanneer jy BID of wanneer jy SPREEK (bely), glo dat jy ontvang. Met ander woorde, of ek die Woord in gebed spreek of dit bely, ek glo dat ek sal ontvang.

Trust and be confident – that you shall HAVE what you are saying. ...And if you believe, you have it; it's yours! (L.B.)

As jy niks sê of bid nie, sal jy niks kry nie. **Daar is 'n sleutel:** jy moet tyd inruim en opsy sit om te bid en te spreek. Dan kan jy daar byvoeg om te bid in tale. Die Heilige Gees sal jou help om te bid oor dinge wat jy nie van weet nie.

Ons moet ernstig raak daaroor. Indien nie, word ons godsdienstig daaroor. Godsdien is maar net 'n meganiese werking sonder hart. Dit is 'n uitwaardse vorm met geen krag. Na gebed- en belydenistyd, wanneer jy bein bid in die Gees, sal die Gees van God jou oë laat sien wat jy nie voorheen kon sien nie, jou ore om te hoor wat jy nie voorheen gehoor het nie, jou hart te laat verstaan wat jy nie voorheen verstaan het nie. **Dit is hoekom jy bid in die Heilige Gees,** want Hy bring daardie dinge na die oog, die oor en die HART.

...dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos raak nie.

Lukas 18:1

Jou gemeenskapstyd met God sal die #1 rede wees om nie moedeloos te raak nie. Die woord "moedeloos" weer beteken om; *op te gee, ineen te stort en tou op te gooi.* So! Ten einde nie op te gee, ineen te stort en tou op te gee nie, beteken dat ons gedurig moet bid!

Do not give in to doubt, fear, unbelief, discouragement or use excuses for unbelief when prayer is not answered immediately. Rebuke and resist all opposition to the answer, so do not lose heart! (Dakes Reference)

Dit is een ding om te sê "Wel ek weet moet bid, en moet deur geloof lewe, ek weet ek moet al hierdie dinge doen", MAAR dit nooit doen nie en net daaroor praat. **Dit is tyd om in te druk daarvoor!** Plaas druk waar jy ookal nodig het om druk te plaas, breek die mure wat jou verhinder en keer om antwoorde te verkry, en begin om die oorwinnende lewe in Christus Jesus te leef. Jy sal moet druk plaas op die beloftes van God deur druk te plaas op jou belydenis, jou gebedslewe en jou gesprekke.

RIG 'N BLYPLEK IN

Jou omstandighede is maar net die sirkel waarin jy staan. Jy sal moet seker maak dat die omstandighede van jou lewe bepaal word deur jou gebedswandel. Moenie jouself toelaat om te staan in die sirkel van sondaars, of mense wat gedurig verskonings maak en kla oor hulle omstandighede. Jy trek jou eie sirkel deur die Woord van God en jy staan in daardie sirkel en dit sal jou omstandighede wees.

Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie. Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie.

Jesaja 40:28-29

Die sleutel tot die krag is GEBED! Hoe weet ons dit? Lukas 18:1.

As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.

Johannes 15:7

Die woord # "woon" beteken #om 'n woonplek in te rig. Hierdie skrif maak dit baie duidelik dat jy nie God kan skei van Sy Woord nie. Om te bly in God is om in Sy Woord te bly. **As jy in Sy Woord bly, in Sy Woord leef en VOLGENS Sy Woord leef, dan bly jy in God, leef in God. My gebedslewe gaan beïnvloed word deur my Woordlewe.** Baie mense bid, maar hulle het nie 'n Woord-verhouding nie. Die eindresultate is dat hulle gebede van twyfel en ongeloof bid. Gebede wat nie ophyn met die Woord van God nie.

Gebed is om aan God te sê wat Hy alreeds gesê het.

God wag vir jou wil om op te lyn met Sy wil sodat jy kan kry wat jy ookal voor bid. Die Woord rig jou lewe. Dit is jou konstitusie vir die lewe. Die Woord van God reguleer ons. Ons maak ons kinders groot volgens die Woord van God. Ons rig ons huwelik volgens die Woord van God, alles wat ons doen; ons doen dit volgens die Woord van God. Wanneer dit die #1 prioriteit in jou lewe word, sal jy sommige groot veranderings en resultate in jou gebedslewe sien, want dit gaan 'n refleksie wees van jou Woordlewe. Dan hoef jy nie rond te gaan om God se wil te soek rakende jou huwelik, jou genesing, ensovoorts nie.

Vra wat jy ookal wil en jy sal dit verkry. Ons is verbind met die Maker van die hemel en aarde, maar ons kan nie die reëls breek en verwag om dit te verkry nie. Ons lewe en hoe ons ons lewe lei is 'n groot deel van hoe ons ons resultate gaan kry in ons gebedslewe. Jy SAL dit verkry!

En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.

1 Johannes 5:14-15

Sy plan, Sy wil is Sy WOORD! Moenie na die Here gaan en Hom vertel dat jy 'n werk nodig het nie. Gaan na Sy plan en Sy wil vir jou lewe. **Is dit Sy wil dat jy voorspoedig moet wees?** Ja! Dan is dit Sy wil dat jy 'n werk moet hê. Jy moet na Sy handleiding (die Woord) gaan en Sy taal spreek rakende jou werk wat alreeds bestaan! *Wat is die volgende stap?*

Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Hebreërs 11:1

My vaste vertrou in beantwoorde gebed is die Woord van God.

En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het—soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek—glo ons ook, daarom spreek ons ook.

2 Korinthiërs 4:13

Wanneer jy in gebed gaan, maak seker dat jy saamneem...

- Die Woord
- Die Naam van Jess
- Die Heilige Gees
- Die engele.

En nie saamneem nie...

- Bejammering
- Emosionele probleme
- O Here ek het U nodig!
- O Here help my, ens.

Jy kan nie toelaat dat jou emosies die reëls voorskryf en verander nie. Moenie toelaat dat jou emosies jou lewe regeer nie. Die reëls vanuit die Woord van God sal jou emosies verander en terug in lyn kry. Onthou die sirkel? Sta in die sirkel van die reëls, die Woord. Rig 'n blyplek op!

Wanneer dit rof gaan, neem ek die Woord en neem deur my ore, spreek dit uit my mond en leef daarvolgens en my siel word stabiel. Ek het die vertroue dat God se Woord waar is. Daarom, wanneer ek bid, het ek die vertroue dat my gebede beantwoord sal word want ek het vertroue in die taal (Woord) wat ek bid.

Wat is hierdie vertroue wat Johannes oor praat? Gr. Parrhesia, ***uitgesprokenheid***. Vertaal:

- Durf / vryheid van spraak
- Eenvoudigheid van spraak
- Vrylik
- Openlik

- Moedig
- Durf
- Vertroue

Hoekom het ons dit? As gevolg van Jesus wat Sy verbond met ons gevestig het. Ons is geregtig gemaak. Hy het Sy Woord gevestig. Daarom het ons hierdie vertroue in die Woord, dat wat ons ookal vra volgens Sy wil, sal vir ons gegee word! En as ons weet dat Hy ons hoor, wat ons ookal vra, weet ons dat ons die petisies het wat ons van Hom verlang. (2 Kor 4:15).

Die sleutel tot hierdie gebedsvertroue is in die Bybel. In stede daarvan om die Internet te deursoek, deursoek die Woord van God. Wie het gesê jou oë moet toe wees wanneer jy bid?

Om te bid sonder die Woord sal jou gebed VERHINDER!

Hoofstuk 6

HEELHARTIGHEID EN GEHOORSAAMHEID SAL RESULTATE LEWER

Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.

Jeremia 29:12-13

Wat is die regte omstandighede om God te vind? **Wanneer jy na My soek met jou hele hart.**

HEELHARTIGHEID sal resultate lewer in jou gebedslewe.

Jou hele hart is die waarheid van die saak. Wanneer jy iets so graag wil hê, sal jy daarvoor soek met alles wat jy het. Sommige sal Hom soek omdat hulle verlore is, en Hy sal hulle redding gee. Ander sal Hom soek omdat hulle siek is, en Hy sal hulle genesing gee. Sommige sal Hom soek vir leiding, en Hy sal hulle die weg wys. Sommige sal Hom soek vir wysheid, en Hy sal dit gee. Sommige sal Hom soek vir 'n deurbraak, en Hy sal hulle verlos, en ander sal Hom soek vir finansies, en Hy sal hulle rykdom gee!

Die sleutel hier is heelhartigheid. Moenie wag totdat jy oorweldig is met probleme en omstandighede nie. Vind Hom voordat die probleme jou oorweldig. Jy mag hierdie lees en weet dat jy heen en weer gegaan het – heen en weer en jy is desperaat om God te vind. Hou op wonder! Gaan in gebed, 'n plek van afsondering en soek God, want jy sal Hom vind en Hy sal jou hoor. God is die enigste een wat jou kan vertel wat jy nodig het om te weet. Begin om God te soek; kry jou gesig op die mat (die Woord). God is nie 'n raaisel nie; Hy wil 'n PERSOONLIKE VERHOUDING met jou hê.

GEHOORSAAMHEID is 'n belangrike sleutel tot resultate.

En wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom. En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het. En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het.

1 Johannes 3:22-24

Hierdie is moontlik die grootste ding wat jou gebed sal verhinder. Dit is nie die dinge wat jy doen en nie doen terwyl jy bid wat jou sukses gaan bepaal nie. Die LEWE bepaal jou sukses in gebed! As jy nie **Sy opdragte gaan uitvoer, Sy voorstelle in ag neem, Sy plan vir jou volg – en doen wat Hom behaag nie**, sal jy misluk. Hoe kan jy verwag God moet jou gebede beantwoord as jy nie eers gehoorsaam is aan Sy Woord nie? Christene doen wat hulle wil, en wat hulle behaag – en nie wat God wil en Hom behaag nie.

Moenie vergeet om jouself te oordeel wat gehoorsaamheid betref nie. Hoe meer ek in Hom bly, hoe meer vorm Hy my lewe en ek moet myself disiplineer om te VERANDER! Dit is 'n kwaliteitsbesluit om te besluit om Hom te gehoorsaam. Gehoorsaamheid betaal! Nie alleen hoor Hy jou nie; Hy antwoord as gevolg van jou gehoorsaamheid. Dit is hoekom mense wat nie hulle tiende gee nie, geen antwoorde kry op hulle gebede nie. Dit is 'n direkte rebellie teen God! Geld is 'n uitkakelende ding. *Hoekom hou Christene so vas aan geld?* Want dit is presies waar die duiwel hulle onvolwasse wil hou! God wil hê jy moet daar verby kom, sodat jou gebede beantwoord kan word en jy kan groei tot volwassenheid.

MIVERSTAND of ONSENSITIWITEIT TOT JOU GEREKTIGHEID verhinder jou gebed.

The earnest (heartfelt, continued) prayer of a righteous man makes tremendous power available [dynamic in its working].

Geregtigheid sal 'n voorvereiste wees vir beantwoorde gebed. Natuurlik is geregtigheid moontlik gemaak deur ons verbond (Jesus). Paulus het gesê in **1 Kor 15:34 (KJV), *Awake to righteousness, and sin not. Word wakker tot jou geregtigheid.*** Word bewus daarvan dat jy die geregtigheid van God gemaak is in Jesus Christus, dat jy in geregtigheid staan voor God deur die offer van Jesus by Golgota. Wanneer jy dit doen, sal dit die sonde in jou lewe stopsit.

Jy is deeglik toegerus om elke situasie wat jou kant toe kom te hanteer. Jy heers in die lewe as 'n koning deur Jesus Christus. Jy moet leef gelykvormig aan die Vader. Die Almagtige God, Skepper van die heelal, het gekies om af te kom na jou vlak in die vorm van Jesus Christus, om in jou hart te bly deur die Heilige Gees, en jou Sy geregtigheid te gee, Sy vermoë, en Sy krag...***omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is (1 Joh 4:4).*** Prys die Here!

Efesiërs 3:20 sê: ***En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk.*** Toe ek eers die betekenis van hierdie skrif ten volle verstaan, het ek begin om vertroue te kry in die bediening van die Heilige Gees in my lewe. Ons sal meer hiermee deel in die volgende hoofstuk.

Hoe word jy geregtigheds-gesind? **Romeine 8:5** sê, ***Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.*** **Spreuke 4:20** beveel ons ***neig jou ore tot My woorde.*** In die verlede het ons dit nie gedoen nie. Ons het gedink *siekte* in stede van **genesing** ...*swakheid* in stede van **krag** ...*probleme* in stede van **oorwinning** ...*armoede* in stede van **voorspoed** ...*sonde* in stede van **geregtigheid**. Ons het aandag gegee aan hierdie ander dinge en die krag van die Woord van God om ons te verlos van die vlees amper geheel en al geïgnoreer.

GEBED:

In die Naam van Jesus verklaar ek nou; ek het 'n bloed-gekoopte reg om antwoorde te kry op my gebede. Ek bly in die Woord, en die Woord bly in my. Wat ek ookal vra, sal vir my gegee word. Ek sal 'n suksesvolle gebedslewe hê. Ek sal heelhartig wees in my gebed, ek stel my geloof vry en ek sal God se Woord gehoorsaam. Ek verwag ten volle, met vertroue, dat wanneer ek die Woord van God bid, God my hoor. En omdat ek weet dat Hy my hoor, het ek die versoeke wat ek bid. Dankie Here dat my lewe drasties gaan verander as gevolg van my gebedslewe. In Jesus se Naam. Amen.

Hoofstuk 7

DIE HEILIGE GEES EN JOU GEBEDSLEWE

En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie.

Lukas 18:1, OV

“Moedeloos” beteken om: *op te gee, ineen te stort, en tou op te gooi*. Ten einde vir ons om nie op te gee, ineen te stort en tou op te gooi nie, beteken dat ons altyd moet bid! Die sleutel tot sukses is gebed. In hierdie hoofstuk gaan ons kyk na die:

HEILIGE GEES EN JOU GEBEDSLEWE

En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

Romeine 8:26, OV

Die Heilige Gees help ons met ons DAAGLIKSE probleme, of dra ons in ons swakheid. Die Heilige Gees is die beste ondersteuning wat jy kan kry. Was jy al in situasies waar jy nie geweet het watter tipe gebed om te offer nie? Wel, die Heilige Gees sal jou help in jou daaglikse gebed.

Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede. Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar. Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing.

1 Korinthiërs 14:2, 14-15, OV

Prys die Here. God het vir ons 'n taal gegee waarmee ons direk met Hom kan praat. Daar is geen ander tipe gebed so perfek as om in tale te bid nie. Wanneer jy in tale bid, bid jy die wil van God vir jou lewe. Die Heilige Gees sal jou voorberei vir die dinge wat jy nie eers van geweet het nie. Ek is niks, maar ek kan ALLE DINGE doen deur God wie my krag gee.

VOORDELE OM IN TALE TE BID

1. Bid in lyn met **God se perfekte wil** VIR JOU LEWE. Waar die perfekte wil is vir jou lewe, daar is ook die krag en salwing vir jou lewe (Rom 8:27).
2. Om in tale te bid stimuleer jou **geloof** en ontwikkel jou **vertroue** in God (Judas 1:20, Living Bible). Vertroue bepaal hoe jy optree en reageer. Vertrou op die Here met jou hele hart. Hoe? Deur Sy Woord te vertrou.
3. Om in tale te bid is 'n manier of vry te bly van **wêreldse besoedeling**. **1 Kor 14:28; Laat hy met homself en met God praat.**
4. Om in tale te bid maak dit vir ons moontlik om vir die onbekende te bid, **intersessie** (Rom 8:26). Wanneer hou jy op? Wanneer jy oorwinning het. Moenie sê ek gaan vir 'n halfuur of vir 'n uur bid nie. **Bid TOTDAT...** Moenie wetlik, meganies raak nie. **MAAR!** As jy nog jonk in die Here is, stel 'n spesifieke tyd vas ten einde jouself te disiplineer om te bid. Word fiks!
5. Om in tale te bid maak ons gees **verkwik** (Jesaja 28:11-12). God wil hê ons moet die beskikbaarheid van om in tale te praat vir onself hê, om onself te verkwik enige tyd wat ons verkwik wil wees. Ek glo nie 'n Christen moet uitbrand nie. Ons het die Heilige Gees om ons te verkwik, en ons in rus te hou.
6. Deur in tale te bid kan ons aan **God perfekte dank gee** (1 Kor 14:15-16).

7. Wanneer jy in die Gees bid, bid die hele tyd om te kan **uitleë** (1 Kor 14:2-5). Moet nooit 'n tyd van gebed in tale verlaat sonder om die Here te vra om vir jou 'n uitleg te gee van wat jy voor gebed het nie. Onthou! **Wat ookal jy voor VRA, dit sal...gegee word!** So elke keer wat jy in tale bid, sê; *"Here ek glo ek ontvang die uitleg van dit wat ek in tale gebed het."*

GELOOF

Gryp na die ewige lewe... 'Ewige Lewe' = Zoë lewe of Goddelike lewe.

1 Timotheus 6:12, OV

Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

Johannes 10:10, OV

Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.

Johannes 5:26, OV

In Johannes 1:4 kry ons die eerste aanduiding van wat hierdie lewe vir ons sal doen: ***In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.*** Lig staan vir ontwikkeling. Met ander woorde, ***In Hom was lewe, en die lewe was die ontwikkeling van die mense.*** Of, ***in Hom was Zoë, en die Zoë was die ontwikkeling van die mense.***

Die kerk het gespesialiseer in "manier van lewe" of "optrede", eerder as ewige lewe, wat tot 'n groot mate die manier van leef bepaal. Om ewige lewe te ontvang is die wonderlikste gebeurtenis in die lewe. Ons noem dit dikwels bekering of die nuwe geboorte. Sommige noem dit "*om godsdiens te kry*", maar dit is nie wat dit is nie, regtig. Dit is in realiteit, **God wat ons DEELAGTIG MAAK** aan Sy natuur, substansie en wese.

Gryp vas aan...

- Genesing
- Verlossing
- Vrede
- Bevordering
- Die salwing
- Geluk
- Jou roeping
- Jou beloftes van God

Hoe gryp jy vas aan hierdie dinge? Deur die goeie stryd van geloof te stry! My bekommernis is nie soveel die feit dat jy **weet WAT GELOOF IS** is nie – maar weet jy **HOE OM DIT VAS TE GRYP?** Weet jy hoe om dit te laat gebeur vir jou? Weet jy hoe om genesing, voorspoed en oorwinning te KRY, in stede daarvan om net te weet daarvan? Kry dit as realiteite in jou lewe.

Stry die GOEIE stryd van GELOOF! As daar 'n stryd is, beteken dit dat 'n kompetisie betrokke is. In hierdie is kompetisie goed – hoekom? Daar is net een ding wat 'n kompetisie GOED maak – jy WEN, NIE VERLOOR NIE! Met ander woorde: **Wen met geloof.** Hierdie stryd gaan nie maklik wees nie, maar in alles wat jy gaan probeer vasgryp, gaan daar teenkanting wees teen dit wat jy probeer om vas te gryp. Daar gaan magte wees wat jou teëstaan. Veg!

Dit beteken daar moet 'n daadwerklike poging van my kant af wees ten einde vas te gryp aan die beloftes, die Zoë lewe, selfs al is daar magte wat my teëstaan. Luister! Dikwels is daardie magte wat jou teëstaan nie die duiwel nie (so ek praat nie van die gebed van geestelike oorlogvoering nie), maar die mag wat jou teëstaan IS JYSELF!

Om vas te gryp aan om die goeie stryd van geloof te stry, beteken dit: Jesus het gesterf om die oorwinning te **behaal**; my werk is om die oorwinning te **handhaaf**. Die stryd van geloof is om feit vs

geloof te beveg. Jy ontvang die Woord en ontvang dit as werklik en tog het jy 'n geveg, 'n kompetisie in jou verstand soos wat dit jou uitdaag tot die realiteit van wat jy ontvang.

Ek ontvang my voorsiening – en tog voel jy asof jy alles gaan verloor. Hier is die goeie stryd van geloof: **Efesiërs 6:14** sê, *“staan dan vas”*. Die Bybel sê, *“jy gryp die ewige lewe vas, dit wat 'n sigbare, tasbare realiteit geword het.”* Om vas te gryp aan skuldbevryding is deur in opposisie te staan teen die realiteit van daardie rekeninge; jy staan die geloof van die Woord wat jou verlossing van skuld verklaar het, en deur daar te staan met jou **mond**, met jou **oor** die Woord te ontvang wat jou verlossing verklaar het. Deur daar te staan, hoe jy **reageer**, hoe jy jou lewe **lei**, is die stryd wat jy wen, niesteenstaande die feit dat rekeninge jou teëstaan! Ek is hier om jou te vertel: Jy sal vasgryp, jy SAL WEN! Jy gaan nie meer jou probleme bid nie! *“O Here, ek is siek, bankrot en hartseer.”* **Wat gryp jy vas? Die ewige lewe – die Zoë lewe!** So hou aan stry, staan jou man!

DIE GEBED VAN OOREENSTEMMING

Gaan na die Here in gebed en kom in ooreenstemming met Hom. **Hoe kom jy in ooreenstemming met God?** *Here, ek voeg my ooreenstemming met U Woord. Ek stem saam met U. U sê ek is genees, ek stem saam met U. U sê ek is verlos van skul – ek stem saam met U. U sê ek het vrede – ek stem saam met U. Volgens U Woord ook waar dit sê dat;*

“As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.” (Matt 18:19).

Here, ek voeg my ooreenstemming met U Woord. Ek staan vas in my geloof en verwag ten volle om vas te gryp aan wat ek voor staan, in die Naam van Jesus.”

Dit moet geoefen word. Dit moet uitgewerk word in jou. Dit moet geleef word. Dit kan nie 'n laaste oomblik ding wees nie. Dit moet iets wees wat jy aan gewoon geraak het. Wanneer jy bid, moet jy jou meditasie-tyd, belydenis-tyd hê en vasgryp aan die Zoë-lewe, die God-tipe van lewe.

Jy moet geloof hê in jou gebede!

GEBED:

In die naam van Jesus, verklaar ek dat ek 'n bloed-gekoopte reg het tot beantwoorde gebed. Die Woord van God is my waarborg. Deur gebed en smeekbede met danksegging, kan ek my versoeke aan U bekend maak. U hoor die gebed van die regverdige en beantwoord dit. U oë is op my en U ore is oop om my gebede te hoor.

Ek is verbind aan Christus Jesus, en ek is 'n gesalfde. In alles wat ek doen is ek meer as oorwinnaar. Omdat ek in U bly, en U woorde bly in my, sien ek die manifestasie van beantwoorde gebed. Wanneer ek U Woord spreek, keer dit nie na my toe terug sonder om te verrig wat dit gestuur is om te doen nie.

Ek dank U dat ek in guns wandel by mense en by U. Waar ek ookal gaan en wat ek ookal doen, U guns gaan voor my uit. Die kragdadige, vurige gebed van 'n regverdige persoon verrig baie. Daarom, ek glo dat ek ontvang wat ek nou voor bid. In Jesus se naam. Amen.

Gebed vir redding en doop in die Heilige Gees

Hemelse Vader, ek kom na U in die Naam van Jesus. U Woord sê, *“...elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word”* (Hand 2:21). Ek roep U aan. Ek bid en vra Jesus om in my hart te kom en Here te word van my lewe volgens Romeine 10:9-10. *“As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.”* Ek doen dit nou! Ek bely dat Jesus is die Here, en ek glo in my hart dat God Hom uit die dood opgewek het. Ek is nou wedergebore! Ek is 'n Christen – 'n kind van die Almagtige God! Ek is gered! U het ook in U Woord gesê, *“As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, HOEVEEL TE MEER sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?”* (Lukas 11:13). Ek vra U ook om my te

vul met die Heilige Gees. Heilige Gees, kom op in my soos wat ek God loof. Ek verwag ten volle om met ander tale te praak soos wat U my gegee het om te spreek. (Hand 2:4).

Amen.

Geteken: _____

Datum: _____

Indien u wil:

- boeke en audio materiaal bestel van Soteria Lifestyle Centre
- 'n vennoot of ondersteuner word van Soteria Lifestyle Centre
- 'n e-pos intekenaar word en die nuutste inligting ontvang rakende bedieningsgebeurtenisse, nuwe vrystellings en spesiale aanbiedings

Kontak ons

SOTERIA LIFESTYLE CENTRE
Posbus 39841
Faerie Glen
Pretoria
0043

of

Besoek ons webwerf: www.soteria.org.za
E-pos: vennote@soteria.org.za